

H O O F S T U K 1.'N LEWENSBEKRYWING VAN  
PROFESSOR DR. GABRIEL GIDEON CILLIÉ.INLEIDING.

Cillié het so 'n groot rol in die onderwys van ons land gespeel dat dit noodsaaklik is dat sy bydrae sistematies uiteengesit word. Dit is te meer noodsaaklik omdat sy sienswyses oor onderwys- en opvoedkundige aangeleenthede so verspreid is in tydskrifte, onderwys-, nuus- en kerkblaaië.

Die plan is om in hierdie verhandeling aan te toon wat Cillié se groot lewensdoel was en hoe dit gaandeweg ontwikkel het; sy standpunt t.o.v. die onderwyser en sy opleiding; sy sienswyse i.v.m. die funksie van die skool, skoolorganisasie, leerstof, metode van onderwys, en sy algemene beskouing.

Om 'n beter begrip van sy opvoedkundige denke te kry, is dit nodig dat daar 'n kort oorsig van sy lewensgeskiedenis gegee word. Dit sal in hierdie hoofstuk gedoen word en wel t.o.v. sy afkoms en kinderjare, sy opleiding, sy werk as onderwyser en as professor, sy werk op verskeie kommissies, sy verbintenis met die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie en Die Unie, en sy sosiale optrede, om dan af te sluit met 'n kort samevatting en gevolgtrekkings.

KINDERJARE.

Gabriel Gideon Cillié is op 10 September 1870 op die plaas Rhebokskloof in die Blouvllei, Wellington gebore (1).

(1) Cillié '., G.C.; Herinneringe van 'n Oud-leerling, Die Huisgenoot 15/2/37 bls. 17.

In 1701 het sy stamvader uit Frankryk hom hier in die Suide gevestig (1). Onder laasgenoemde se nakomelinge word die Voortrekker, Sarel Cilliers, en die digter, Jan Cilliers, getel. Van moederskant is Gawie 'n Marais en beide die Cilliè- en Marais-familie het uiters verdienstelike seuns aan ons land gegee, en ons vind verteenwoordigers van die familie in eerbare betrekkings oral in ons land (2). Gawie het vyf broers en vyf susters gehad, drie van wie nog in die lewe is (3). Hy het groot geword in 'n huisgesin wat deur vroomheid, orde, vlyt en volharding gekenmerk is, selfs in die aangesig van die grootste teenspoed. Van sy kinderjare, totdat hy in 1878 na die skool van Mnr. M.J. Stucki gegaan het, is niks bekend nie (4).

### 3. OPLEIDINGSJARE.

#### (a) Skoolopleiding.

In hierdie skool wat op 'n deel van sy vader se plaas was, het hy getoon dat hy maklik en gou kon leer en baie goed kon onthou wat hy geleer het, sodat hy in 1892 die hoogste klas in die skool bereik het, nieteenstaande 'n vyfjarige onderbreking van sy studies (5). Die dood van sy vader in Maart 1886 en die finansiële ramp wat sy moeder getref het, het veroorsaak dat hy op vyftienjarige leeftyd die skool moes verlaat en hom aan die boerdery wat veel van hom geëis het, wy (6). 'n Voorstel van mnr. Stucki op

(1) Die Unie 1/1/31 bls. 186.

(2) Ibid.

(3) Meiring, J.G. : Prof. Cilliè tree af. Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 19. Die Unie 1/10/43 bls. 83.

(4) Die Unie 1/10/43 bls. 83.

(5) Meiring : Prof. Cilliè tree af. Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.

(6) Cilliè : Die lewe het my geleer, Salig is Hy, Die Huisgenoot 15/2/37 bls. 11.

1 Julie 1891 dat hy in die distrik van Montagu onderrig moes gaan gee, het hy van die hand gewys (1). Op 13 Julie 1891 was hy egter weer by mnr. Stucki in die skool waar hy in 1892 die "Elementary Examination," die Skoolhoëreksamen beide in die eerste klas, en die toelatings-eksamen tot die kerklike Normaalkollege in Kaapstad afgelê het (2). Saam met N.M. Hoogenhout, J.D. du Toit (die latere Totius,) was hy een van die groepie kandidate wat die eerste Taalbondeksamen in 1892 afgelê het (3). Op 13 Julie 1892 is hy na die Normaalkollege in Kaapstad waar hy in 1894 die Matrikulasie-eksamen in die eerste klas afgelê het. Weens die feit dat hy nie goed kon teken nie en gladnie kon sing nie, het hy nie goed in die Middelsklasonderwysers-eksamen geslaag nie (4).

(b) Victoria-Kollege.

Vanaf 13 Julie 1894 het hy aan die Victoria-Kollege, Stellenbosch, klasse geloop (5). By die "Intermediêre Eksamen" in 1895 het Gawie eerste op die lys gekom en in 1897 het hy die B.A.-graad in die Klassieke met onderskeiding behaal en sesde plek op die lys verower. Terwyl hy op Stellenbosch was, het hy saam met Japie Krige en A.F. Markotter in die eerste span van die Victoria-Kollege voetbal gespeel (6).

- (1) Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.  
Die Unie 1/10/43 bls. 83.
- (2) Cilliè : Herinneringe van 'n Oud-Skolier,  
Die Huisgenoot 5/2/37 bls. 17.  
Die Unie 1/10/43 bls. 83.
- (3) Die Unie 1/1/31 bls. 186.
- (4) Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.  
Die Unie 1/1/39 bls. 370.
- (5) Die Unie 1/1/31 bls. 186.  
Die Unie 1/10/43 bls. 83.
- (6) Die Transvaler 17/4/47.  
Die Stellenbosch Oud-Student, Sept. 1938  
bls. 257.  
Coetzee, J. Chris : Prof. G.G. Cilliè tree  
uit die Aktiewe Diens, Die Ruiter 4/7/47.

(c) Studie in die Buiteland.

Op 4 Oktober 1899 is hy na Duitsland om in die Klassieke te gaan studeer (1). Einde Oktober 1899 is hy egter weg uit Duitsland na die Universiteit van Edin-burgh waar hy einde April 1900 die M.A. -eksamen in Engels, Etiek en Opvoedkunde afgelê het (2). Vir die somersemester van die jaar 1900 is hy na die Universiteit van Straatsburg waar hy op 13 Julie 1904 die graad D. Litt in Grieks en Latyn, ou Geskiedenis en Ekonomie, magna cum laude, op 'n dissertasie, nl. „De Julie Valerii Epitome Exoniensie" (in Latyn geskrywe) behaal het (3). In November 1904, nadat hy 'n operasie vir blindedermonsteking ondergaan het, het hy Duitsland verlaat en op 27 Desember 1904 weer in Suid-Afrika aangeland, met 'n las wat swaar op die skouers gerus het, want al sy studie was op skuld (4).

ONDERWYSER EN PROFESSOR.(a) Onderwyser.

Sedert 13 Julie 1897 tot Oktober 1899 moes hy as dosent in Nederlands, Engels en Matesis aan die kerklike Normaalkollege in Kaapstad optree om die „koninklike" salaris van £150 per jaar te verdien (5). Sy vernaamste werk was egter om Nederlands aan die twee Matrikulasie-klasse wat meestal Afrikaanssprekend was, te onderrig (6).

(1) Die Volksblad 19/4/47.

Die Unie 1/10/43 bls. 85.

(2) Ibid.

(3) Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.

Die Unie 1/10/43 bls. 83.

(4) Meiring : Prof. Cilliè as Onderwyser.

Die Huisgenoot 4/7/47 bls. 29.

(5) Die Stellenbosche Student September 1938  
bls. 257.

Die Unie, Julie 1905 bls. 7.

(6) Die Huisgenoot 5/2/37 bls. 17.

Die onderrig van Nederlands aan Engelssprekende leerlinge en aan 'n aantal verengelste Afrikaanse kinders van Kaapstad was vir hom 'n moeilik e taak, want hierdie skoliere was bevooroordeeld teenoor die taal en het daar geen geheim van gemaak nie (1). Na sy terugkeer uit Europa teen die end van 1904 het hy gedurende die eerste kwartaal van 1905 Latyn aan die kerklike Normaalkollege in Kaapstad doseer, en sedert 7 April 1905 tot aan die einde van 1905 het hy as hoof van die skool in Cradock opgetree (2). Vanaf die begin van 1906 tot die middel van 1908 was hy as hoof van 'n personeel van nege assistente aan die Hoërskool in Franschoek arbeidsaam (3). Die twee-en-'n-half-jaar wat hy op Franschoek werksaam was, sê hy, was onder die gelukkigste van sy hele onderwysersloopbaan (4). Treffend was die kort en bondige aanmerking van dr. W. Viljoen, toe hy gehoor het dat dr. Cilliè na Franschoek kom! „Hoe jammer dat er water uit de Karoo gedragen wordt" (5).

As jong onderwyser het hy met geesdrif en beslistheid sy werk aangepak en 100% van sy leerlinge verwag, maar hierin is hy teleurgestel. Dit het hom moedeloos en byna wanhopig gemaak maar spoedig het hy tot die besef gekom dat 'n opvoeder ook met minder as 100% tevrede moet wees (6). Sy stiptheid, nougesetheid en bykans onbarmhartige strengheid het onuitwisbare indrukke by sy leerlinge nagelaat (7).

(1) Die Huisgenoot 5/2/37 bls. 17.

(2) Die Unie 1/10/43 bls. 84.  
Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.

(3) De Goede Hoop 15/4/27 bls. 399.

(4) Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.

(5) Die Unie 1/10/43 bls. 85.  
Die Unie 1/1/31 bls. 186.

(6) Cilliè : Die lewe het my geleer, Salig is Hy.  
Die Huisgenoot 1/11/42 bls. 11.

(7) Die Unie 1/10/43 bls. 78.

Uit die getuienis van sy oud-leerlinge blyk dat hy reeds as jong onderwyser 'n baie duidelike koers in sy onderwys aangegee het (1). Hy het sy skoliere gelei en geïnspireer en was vir hulle 'n voorbeeld van toewyding aan die ideale en tradisies van sy volk. Voortdurend het hy sy kragte gegee in belang van die kind van Suid-Afrika (2).

(b) Professor.

Sedert die tweede semester van 1908 het hy opgetree aan die Universiteit van Stellenbosch as professor in die Klassieke wat hy tot Desember 1912 bly doseer het (3). Vanaf 1910 het hy by mnr. D.A.A. Pauw met die opleiding van onderwysers in die vak: "Geskiedenis van die Opvoeding," gehelp. In 1913 het hy die professoraat in die Opvoedkunde aanvaar wat hy tot in Junie 1947 waargeneem het. (4). Tot die einde van 1935 het hy aan meer as vierduisend studente en aspirant-onderwysers onderrig gegee (5). Hy was die geëerde leermeester na wie geslagte van studente met waardering en agting geluister het (6). As dosent aan die ou Victoria-Kollege en later as professor aan die Universiteit van Stellenbosch het hy nie alleen in die Fakulteit van Opvoedkunde nie, maar in die hele inrigting 'n toonaangewende rol gespeel. Altyd was sy studente bewus van die feit dat hy as gelowige en uitgesproke Christelike leermeester sy vak vertolk en sy werk deeglik verrig het. (7).

(1) Die Burger 28/8/43.

(2) Die Unie 1/11/43 bls. 135.  
Die Huisgenoot 1/10/43 bls. 7.

(3) De Goede Hoop 15/4/37 bls. 399.  
Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.

(4) Die Unie 1/10/43 bls. 84.  
Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.

(5) Die Unie 1/11/35 bls. 143.

(6) Die Unie 1/10/43 bls. 78.

(7) Ibid.

Een van sy oud-studente getuig dat "die gesamentlike godsdiens-oefeninge in die saal steeds deur 'n gees van gewyde erns en kinderlike geloofsvertroue gekenmerk was. Vir die student wat dikwels in donkere twyfel oor die groot lewensraaisels verkeer het, was die samekomste 'n salige verwikking, 'n stem en 'n bron van besieling." (1). Hy het sy studente tot ernstige nadenking oor die opvoeding en onderwys geprikkel, soos alleen die besielde leraar weet om te doen. Hulle moes leer om te voel vir die saak van die volksonderwys (2). Hy het die vertolker geword van 'n soort opvoeding wat deur en deur nasionaal, Suid-Afrikaans was; 'n opvoeding wat selfrespek by die Afrikanerkind sou inboesem en wat die volk sy identiteit sou laat behou. Hy het probeer om by alle klasse van die samelewing die belangstelling in die opvoeding en onderwys gaande te maak. Hy het hardnekkig vir Christelike Nasionale Volkskole vir Volksge-skiedenis en vir moedertaalmedium geveg (3). Hy het die belange van die onderwysers teen uitheemse gevaar behartig en beskerm. Verder het hy hom vir die deeglike opleiding van onderwysers beywer en volgehou dat die kwalifikasies so hoog moes wees dat 'n mens die onderwysprofessie sou kan respekteer. Hy het die onderwysers dan ook voortdurend aangemaan om 'n hoë peil van professionele eerbaarheid te handhaaf (4). Hierdeur het hy aan die onderwysers 'n ewewigtigheid van oordeel en 'n professionele doelbewustheid besorg, wat die onderwysersberoep 'n hoë status verleen het(5).

(1) Die Unie 1/10/43 bls. 78.

(2) Die Unie 1/2/21 bls. 216.  
Die Unie 1/10/43 bls. 78.

(3) Die Huisgenoot 4/7/47 bls. 80.

(4) Die Huisgenoot 4/7/47 bls. 80.

(5) Die Unie 1/10/43 bls. 78.

Hy het met alle mag tot sy beskikking vir 'n beter besoldiging van die onderwyser getry (1). Deur die jare heen is 'n groot aantal onderwysers, wat deur hom opgelei is, dwarsdeur die land gestuur, besield om hul werk te verrig, vol van die idee dat opvoeding meer is as feite memoriseer en eksamens en standerds deurkom (2).

## LID VAN UNIVERSITÊRE LIGGAME EN KOMMISSIES

### I.V.M. ONDERWYS.

Sedert 1913 en selfs toe hy gedurende die periode 1919-1925 Rektor van die Universiteit van Stellenbosch was, het hy op verskeie liggame van die Universiteit gedien. Hy was lid van die Senaat en van tyd tot tyd lid van die Benodighede-, Finansiële-, Koshuis-, Uitvoerende-, Vise-, Kanseliers-, Aanstellings-, Adviserende en Beurskomitee (3). In belang van onderwys en opvoeding het hy op baie kommissies gedien waarvan die Taalkommissie van 1915, die Salariskommissies van 1920 en 1943, die Onderwyskommissie van 1926 en die Adviserende Kommissie van 1927 ~~te~~ moedertaal-medium onder die belangrikste was (4). Toe die vorige parlement onlangs 'n mosie ten gunste van dubbelmedium-onderwys aangeneem het, is in verband hiermee 'n volkskongres deur die F.A.K. in Bloemfontein byeengeroep, waar dr. Cillié en Totius aangewys is om die gevoelens van die volk te vertolk (5). Hy was vir vyftien jaar lank eksaminator en moderator by die Matrikulasië-eksamen (6).

(1) Die Huisgenoot 4/7/47 bls. 80.

(2) Die Unie 1/10/43 bls. 78.

(3) Jaarblaaie van die Universiteit van Stellenbosch 1923-1945.  
Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 75.

(4) Ons Land, 24 September 1927.  
Die Unie 1/1/31 bls. 104.

(5) Die Huisgenoot 4/7/47 bls. 80.

(6) Die Unie 1/11/35 bls. 143.



DR. CILLIÉ EN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE  
(S.A.O.U.) EN DIE ORGAAN, „DIE UNIE“.

(a) Cillié en die Onderwysersunie.

Dr. Cillié was op die stigtingsvergadering van die S.A.O.U. op 4 April 1905 teenwoordig (1). Gedurende die eerste jaar was die Onderwysersunie se ledetal 56 en die inkomste ongeveer agt pond (2). Met verloop van tyd het die S.A.O.U. se ledetal en inkomste vermeerder, sodat die totale ontvangste in Mei 1943 op £86 te staan gekom het (3). Op die tweede kongres van die S.A.O.U. op 19 Desember 1906 in Somersetstrand is hy tot Vise-Voorsitter en in 1907 tot Voorsitter gekies. Sedert 1921 dien hy ook op die Adviserende Raad en vanaf 1935 is hy Sekretaris-Tesourier ((4). In 'n tydperk van vyf-en-twintig jaar het hy alle jaarkonferensies van die S.A.O.U. op een na bygewoon (5). Dit was sy eervolle taak om die Onderwysersunie op alle belangrike kommissies insake onderwys te verteenwoordig (6).

Die S.A.O.U. het sy ontstaan te danke aan die feit dat die „Hollandssprekende onderwysers“ hulle nie meer tuis in die sustersvereniging, die „S.A.T.A.,“ gevoel het nie. Dit het ontstaan ook met die doel om die proses van verengelsing van die Afrikaanssprekende kind deur middel van die skool na 1902 te sluit. Die Onderwysersunie het as een van sy eerste beginsels neergelê dat die moedertaal van die kind die uitgangspunt sowel as die sluitsteen van die opvoeding moes wees en al die ander leervakke hulle om die moedertaal moes konsentreer (7).

(1) Die Huisgenoot 4/7/47.

(2) Die Unie 1/5/45 bls. 210.  
 Die Unie Januarie 1907 bls. 234.

(3) Die Unie 1/7/43 bls. 2.

(4) Die Unie 1/2/21 bls. 227.  
 Die Unie 1/10/43 bls. 84.

(5) Die Unie 1/1/31 bls. 186.

(6) Ibid bls. 104.

(7) Die Unie 1/7/43 bls. 3.

In moeilike en onsekere tye het dr. Cillie die onderwysers gelei en bemoedig om aan hierdie beginsel wat nog altyd die doel van die S.A.O.U. is, vas te hou (1). Deur referate en toesprake het hy op die jaarvergaderings van die S.A.O.U. sy idees oor onderwys en opvoeding bekend gemaak en doel en rigting aan die opvoeding gegee (2).

Elke kongres en elke vergadering van die Hoofbestuur is 'n mylpaal op die pad van die geskiedenis van die onderwys, want op die kongresse en vergaderings is onder sy leiding en inspirasie belangrike resolusies geneem, waarvan die Administrasie in Kaapland deeglik kennis gedra en geneem het, sodat daar met verloop van tyd belangrike veranderings op onderwysgebied, soos in die voertaal, die diensvoorwaardes en besoldiging van onderwysers, plaasgevind het (3). Steeds het hy opgetree as die leier en kampvegter vir die geestelike en intellektuele belange van die Afrikaanssprekende onderwyser en kind (4).

Hy het so 'n noue verband met die S.A.O.U. gehad en soveel daarvoor beteken en gedoen dat sommige onderwysers hom as die vader van die S.A.O.U. huldig, maar dadelik daarop laat volg: "Dr. Cillie is die S.A.O.U." (5).

(b) Cillie en die Orgaan, "Die Unie"

In Julie 1905 het die blad, "Die Unie", orgaan van die S.A.O.U., vir die eerste keer verskyn (6).

- (1) Die Unie 1/10/43 bls. 84.
- (2) Die Unie 1/10/43 bls. 80. Die Unie 1/1/31 bls. 186.
- (3) Die Unie 1/10/47 bls. 150.  
Die Unie 1/1/31 bls. 186.
- (4) Die Unie 1/11/43 bls. 98.
- (5) Die Unie 1/9/39 bls. 84.  
Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 76.
- (6) Die Unie 1/5/45 bls. 210.

Sedert 1908 is daar geen twee dosyn uitgawes van „Die Unie” waarin daar nie iets uit sy pen verskyn nie en vanaf 1912 (1) het hy in elke uitgawe, behalwe in die kongresnommers en 'n paar uitgawes in 1923 en 'n paar in 1931 toe hy oorsee was, die inleidingsartikel geskrywe (2). Met volharding het hy voortdurend probeer belangstelling wek en ondersteuning kry vir die blad. Die gevolg was dat kort na 1918, toe hy hoof-redakteur geword het, „Die Unie” se lesers tot oor die vierduisend aangegroei het (3). Van sy stigting af was dit die doel van „Die Unie” om „een gids voor de leerling, een raadsman van de onderwyser, een vriend van den huize, een vraagboek voor allen te zyn.” (4).

Die hoofredakteur het die doel waarvoor „Die Unie” gestig is, getrou voor oë gehou, want dit het 'n „Maandblad vir Opvoeding en Onderwys” in die werklike sin van die woord geword (5). Afgesien van die artikels van meer polemiese aard, vind 'n mens dat hy in die meeste van sy artikels 'n opvoedkundig-gesonde filosofie verkondig. Telkens is daar aanduidings van die diepere Christelike en Nasionale grondslag waarop sy beskouings berus. In sy beskouings oor moedertaalonderrig, vaderlandse geskiedenis, kulturele aangeleenthede en ander aktuele vraagstukke het hy gesê wat hy wou sê en wel in baie duidelike taal wat niemand sou laat twyfel betreffende sy standpunt nie. Dit alles bewys nogeens sy onbetwisbare liefde vir die eie, die eiendomlike (6).

(1) Die Unie 1/7/47 bls. 3.  
Die Unie 1/1/31 bls. 186.

(2) Die Unie 1/7/43 bls. 2.

(3) Die Unie 1/7/42 bls. 2.

(4) Die Unie 1/7/43 bls. 2.

(5) Die Unie 1/7/46 bls. 3.

(6) Die Unie 1/10/43 bls. 87.

Hy het deur middel van die blad vir die tydelike, intellektuele en geestelike belange van die Onderwyser en kind sonder vrees en sonder aansien des persoons in die bres getree, en daarby belangstelling in die regte soort onderwys en opvoeding van die kind by alle klasse van die samelewing probeer opwek (1).

Die woord van „Die Unie” het gewig gedra. As vertolker van die ideale van die Afrikaanssprekende Afrikaner het die blad veel tot stand gebring. Volgens die getuienisse van Oud-Voorsitters van die S.A.O.U., onderwysers en andere lesers van die blad het „Die Unie” vir hulle, as rigsgoer in die lewe, veel betekenis (2).

### SOSIALE OPTREDE.

#### (a) Huislik.

Op 3 April 1905 het hy met mej. Maria van Niekerk, die oudste dogter van ds. S.J.M. van Niekerk van Smithfield, in die huwelik getree (3).

Voor haar huwelik was sy ses jaar lank onderwyseres aan die Hoër Jongenskool in Stellenbosch (4). Op 4 Maart 1927 is sy aan die Pastorie in Middelburg, K.P., oorlede (5). Uit die huwelik is sewe kinders gebore, van wie vyf seuns en twee dogters is (6). Mevr. dr. Cillie was die regterhand van haar eggenoot in sy menigvuldige en belangrike werksaamhede, maar in die eerste plek was sy veral en altyd moeder (7).

(1) Die Unie 1/10/43 bls. 87.

(2) Die Unie 1/10/43 bls. 80.

(3) Die Kerkbode deel XIX, No. 10 9/3/27 bls. 351.  
Die Huisgenoot 4/7/47.

(4) De Goede Hoop 15/9/27 bls. 399.  
Die Unie Julie 1905 bls. 7.

(5) Die Unie 1/1/31 bls. 186. Ons Land 8/3/27.

(6) Die Unie 1/10/43 bls. 84.

(7) De Goede Hoop 15/4/27.

As sosiale werkster het sy kostelike dienste gelewer, wat nie na volle waarde geskat kan word nie (1). Vir dr. Cillie en sy jong kinders van wie die jongste slegs ses jaar oud was, was haar dood 'n geweldige slag (2). Op 2 April 1931 is hy weer met Mej. Maria Uys getroud en uit hierdie huwelik is geen kinders gebore nie (3). Sy staan dr. Cillie ook getrou by in al sy werksaamhede, sodat hy vandag nog daar fris en jonk uitsien (4).

(b) Professioneel.

Op die 60ste verjaarsdag van dr. Cillie op 10 September 1930 het die lede van die S.A.O.U. 'n geillumineerde adres aan hom oorhandig as blyk van waardering vir sy dienste aan die Onderwysersunie bewys (5). Daar is ook 'n olieverfportret van hom tydens die sitting van die Kongres van die S.A.O.U. op 17 Desember 1930 aan die Universiteit van Stellenbosch vir bewaring oorhandig (6). Die Januarie-uitgawe van "Die Unie" van 1931 is uit die hande van die Hoofbestuur geneem en 'n paar artikels is aan sy lewe en werk gewy (7). By geleentheid van die onderwyserskongres in die Paarl op 30 Junie 1939 is aan dr. Cillie, as een van die Oud-Voorsitters van die S.A.O.U., hulde gebring, toe 'n goue hangertjie aan hom oorhandig en dank betuig is vir sy onskatbare dienste aan die onderwys in Kaapland bewys, en vir sy onverkoelde ywer in belang van die S.A.O.U. Hierop het die „Vader van die S.A.O.U.” op sy bekwame, unieke en baie humoristiese wyse elke Oud-Voorsitter aan die gehoor voorgestel en oor sy goeie en swak hoedanighede op luimige wyse uitgewy en goue hangertjies aan hulle oorhandig (8).

(1) Ons Land 8/3/27.

(2) Die Unie 1/1/33 bls. 186.

(3) Die Unie 1/10/43 bls. 84.

(4) Meiring, J.G. : Prof. Cillie tree af.  
Die Huisgenoot 27/6/47 bls. 76.

(5) Die Unie 1/1/31 bls. 186. Die Burger 9/1/31.

(6) Die Unie 1/1/31 bls. 196.

(7) Ibid.

(8) Die Unie 1/9/39 bls. 84.

Kragtens die wens van die S.A.O.U.-Kongres in Worcester in 1943 het die Hoofbestuur die Oktober-uitgawe van 1943 van "Die Unie" 'n huldigingsuitgawe gemaak ter herdenking van die vyf-en-twintig-jarige redakteurskap van dr. Cillie. (1). Hy is toe 'n maand lank van sy redakteurskap van "Die Unie" onthef (2). Hy geniet dus die unieke onderskeiding dat daar tydens sy leeftyd en in sy orgaan 'n soort "Consummatis totius rei et quasi febris laudatis" van hom as mens en van sy betekenis as onderwysman verskyn het. Ter geleentheid van 'n noenmaal in Kaapstad op 27 September 1943 is 'n pragtige adres en 'n praguitgawe van die "Huldigingsuitgawe van die Unie" aan hom oorhandig (3). In die "Huldigingsuitgawe" is die Jubilaris deur hooggeplaatste persone in ons land, deur die verskillende voorsitters van die Onderwysersvereniginge van die vier provinsies, geluk gewens en bedank. Verder het hy twee-en-twintig boodskappe van die Oud-Voorsitters van die S.A.O.U. ontvang (4). Hy het op al hierdie huldebetuigings gepas geantwoord (5).

(c) Kerklik

Dr. Cillie het in die Julie-vankansie van 1896 met die samestelling van die eerste grondwet van die Christelike Studente-Vereniging (C.S.V.) en die stigting van die eerste C.S.V.-tak in Stellenbosch meegehelp (6).

- (1) Die Unie 1/11/43 bls. 98.  
Die Huisgenoot 23/10/43.
- (2) Die Huisgenoot 1/10/43 bls. 7.
- (3) Die Unie 1/11/43 bls. 98.  
Die Unie 1/10/43 bls. 92.
- (4) Die Unie 1/10/43 bls. 75-83.  
Die Burger 23/9/43.
- (5) Die Unie 1/11/43 bls. 94.
- (6) Die Jeug vir Christus-C.S.V. 1896-1946 bls. 5.

In 1912 is hy vir die eerste keer as diaken en in 1926 as ouderling van die Ned. Geref. Kerk in die gemeente van Stellenbosch gekies (1). Hy was ook lid van die kommissie oor „Die Kerkbode“ (2).

As een van die assessore van die Kuratorium van die Kweekskool te Stellenbosch was hy ook teenwoordig op 'n vergadering wat op 29 en 30 Julie 1929 in Stellenbosch gehou is insake die voorlopige persoonlike verhoor van prof. J. du Plessis (3).

(d) Reise.

Uit eie beweging het Cillie<sup>1</sup> sy oorsese reis in 1925 aanvaar maar voor sy vertrek is hy versoek om by sy terugkeer 'n verslag van die onderwystoestande in die buiteland by die onderwysdepartement van die Kaapprovinsie in te dien (4). Op hul reis het dr. en mevr. Cillie<sup>1</sup> Londen aangedoen en vandaar is hulle na Amerika waar hulle o.a. die hoerskole van New York, Washington, New Orleans, San-Francisco, Raleigh en Montgomery besoek het (5).

Op 12 Junie 1931 het hy weer 'n reis na Europa onderneem (6). Met hierdie geleentheid het hy die „British Commonwealth Conference“ in Londen, as verteenwoordiger van die Universiteit van Stellenbosch, bygewoon (7).

- (1) Ons Land 10/11/27.
- (2) Die Kerkbode 9/3/27 bls. 351.
- (3) Handeling van die buitengewone Vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk 27/2/30 bls. 62.
- (4) Die Burger 1/9/25.  
Die Kerkbode deel XV. 12/8/25 bls. 1040.
- (5) Die Burger 1/9/25 en 6/8/25.
- (6) Die Unie 1/5/31 bls. 329. Die Unie 1/6/31 bls. 554.
- (7) Die Unie 1/9/31 bls. 58.  
" " 1/10/43 bls. 84.

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

Dr. Cillié is gebore in 'n omgewing waar die waarde van die onderwys besonder hoog gestel is, sodat hy self onder die indruk van die betekenis van die opvoeding gekom het. Oorerwing, as een van die beslissende faktore, het moontlik ook 'n vername rol in sy wording as opvoedkundige gespeel, want die Cillié- en Marais-families het verdienstelike seuns en dogters aan ons land gegee. In sy eerste skooljare is hy deur 'n onderwyser wat deur godsvrug, toegewydheid aan sy werk, deeglikheid en strengheid uitgeblyk het, onderrig.

Vroeg in sy lewe moes hy op eie bene staan, sodat sy verantwoordelikeheidsgevoel sterk ontwikkel het en hy kosbare ondervinding opgedoen het. Sy onderbroke studies het hy in Suid-Afrika en in die buiteland weer voortgesit en eindelik op die gebied van geleerdheid 'n hoë sport bereik. Nadat hy in sy vaderland terug was, het hy hom vir twee-en-veertig gebeurtenisvolle jare aan die onderwys gewy en intiem in aanraking met alle onderwys- en volksake gekom, sodat hy deur baie as leier op onderwysgebied beskou is. As onderwyser en professor het hy 'n onuitwisbare stempel op die Suid-Afrikaanse opvoedkunde en onderwyspraktyk gedruk.

Hy het nooit die drieledige doel van 'n professionele lewe, nl. die doeltreffende opleiding van die Afrikaanssprekende onderwyser, die verhoging van die status van die onderwyser in die Kaapprovinsie en die behartiging in die algemeen van die belange van onderwyser en kind, uit die oog verloor nie.

Toe hy 'n jong onderwyser was, het hy hom meer as klassikus, die akademiese student, geopenbaar maar mettertyd het hy meer en meer mens geword; hom meer met die aspirasies en die standpunt van die jeug vereenselwig.



Hy het self aan sy studente gesê: „Julle sal eers dan kan opvoed as julle self kinders het." (1). Hy het ook aan sy kinders 'n grondige, deeglike opvoeding gegee, sodat ses van sy sewe kinders grade op Stellenbosch verwerf het en vandag vername betrekings in ons land beklee.

Hy het die pad van diens en plig verkies. Sy stiptelikheid, deeglikheid, stelselmatigheid en netheid het onder sy studente spreekwoordelik geword. Hy het 'n heldere insig, 'n breë uitkyk, rype lewenservaring en onverdroete ywer in die bevordering van die hoogste belange van sy volk en vaderland, veral op die gebied van opvoeding, volkstaal en Vaderlandse Geskiedenis geopenbaar. Hy dien hoë ideale; is die Afrikaner, die Volksman, wat nooit deur vreemde glans en invloed, deur selfsugtige eer- of gewinsug van sy volk vervreem kan word nie. Die lesse wat hy op sy oorsese reise in verband met opvoeding en onderwys geleer het, het hy geweet om na waarde te skat, sodat hy nie daardeur vir 'n eie Suid-Afrikaanse onderwyssisteen wat by die Afrikaanse volk en kind aanpas, verblind is nie. Hy is 'n unieke gestalte; een van die weinige mense wat 'n mens 'n persoonlikheid kan noem. Waar beginselsake op die spel is, is hy onwrikbaar en vasberade, maar daarby word hy deur eenvoud en besadigheid gekenmerk.

Wanneer hy gespot of tereg gewys het, was hy nooit bitter nie, want sy bedoelings was altyd opreg, ernstig, om te prikkel en tot iets hoërs aan te spoor. Sy menslike humor en soms minder aangename **Sinisme** sal seker gemis word wanneer hy nie meer in die lewe is nie.

Die vername rol wat hy in kerklike aangeleenthede gespeel het, het 'n diep indruk op sy studente gemaak.

(1) Die Huisgenoot 27/6/47. Artikel van J.G. Meiring oor Cillie.

Hy is iemand wat sy Kerk en Meester met 'n kinderlike geloof dien en die Bybel as onfeilbare rigsnoer in sy lewe aanvaar. In die dae van die du Plessis-stryd het hy as ouderling van Stellenbosch met bekwaamheid en gesag ingewikkelde teologiese strydpunte verdedig. Die blad „Die Unie“ waarvan hy reeds soveel jare die hoofredakteur was, is hooforsaak van die bestaande gevoel van solidariteit onder die Afrikaanssprekende onderwysers en is altyd vir hulle 'n aansporing om hulle professionele eer hoog te hou. Hy het verbasend baie geskryf, maar baie min ooit gebundel. Sy skriftelike bydraes oor die opvoedkunde lê veral in „Die Unie“ en ander tydskrifte en dagblaasie verspreid. Waarom hy nog nie 'n onderwyssisteem as 'n geheel te boek gestel het nie, kan moontlik aan die feit toegeskrywe word dat hy meer met praktiese onderwys- en volksake te doen gehad het as enige ander persoon. Hoewel hy geen konsekwente stelsel uitgewerk het nie, sluit dit nie die moontlikheid van 'n eie filosofie van die onderwys uit nie.

Die jongere geslag noem hom vandag „Oom Gawie“ uit respek en dankbaarheid. Hy word as die Nestor onder ons beskou; na hom het ons om raad en daad opgesien; na hom sal ons bly opsien solank hy nog lewe.

Nadat hy sedert 30 Junie 1947 sy professorale amp neergelê het, is hy nog op Stellenbosch woonagtig.